
# Hoërskool Oos-Moot

# 1957

MATRIEKKLAS 1957 EN HUL ONDERWYSERS.





Hoërskool Verjaar

„SWAAI daai springtou!" sê Alrina Peetoom (links) aan Olga Meyer. Hulle is twee van die span dogters wat Saterdagmiddag deelgeneem het aan demonstrasies by die Hoërskool Oos-Moot in Pretoria. Die skool was vanjaar in Oktober 'n jaar oud en Saterdag het die skool, wat al meer as 650 leerlinge het, die geleentheid gehad om aan sy ouers te wys hoe sy dogters kan touspring, ritmiese oefeninge doen en hoe sy kadette kan marsjeer. Verder het die Voortrekkers hulle afsluitingsfunksie gehou en gimnastiekvertonings is gelewer.

Kol. S. Engelbrecht, die bevelvoerder van die noordelike kommandoment, het die kadette geïnspekteer en 'n toespraak gehou.

Daarna is t sommer 'n lekk ery op die skoo rein gehou.

## GREPE UIT DIE GESKIEDENIS

‘n Besondere bedrywige jaar vir die skool op elke gebied.

Die getal leerlinge het ‘n rekordsyfer van 672 bereik met 29 personeellede.
‘n Vermeerdering van 8 nuwe poste en al die klaskamers is in gebruik geneem.
Die reusetaak om die skoolterrein, sportvelde en speelterrein in orde te kry is in volle gang.

1 FEBRUARIE
Die offisiële opening van die skool het geskied waar ‘n steen deur die Direkteur van Onderwys, Dr A H d Preez van Wyk onthul is.

24 MEI
Die operette “Ali Baba” waarvoor sedert 1956 geoefen is, is in die nuwe saal op die planke gebring.



Mnr JA van der Walt, Vise-hoof van Hoërskool Oos-Moot, met sy “ossies” en ploeg besig om gras te plant op die voetbalveld.

23 AUGUSTUS
Die ouers van die st. 9 en 10-leerlinge is deur die onderwysers by die klasse getrakteer op ‘n koppie tee.  So is probeer om die huis en skool nader bymekaar te bring.  Dit het ‘n goeie gees tussen ouers en die skool gebou en was daar dus altyd gewillige hande en oop harte wanneer ons ‘n beroep op die ouers gemaak het.

25 NOVEMBER
Die skool se verjaarsdag is gevier met springtou-demonstrasies deur van ons dogters en die kadette wat marsjeer het.  Daarna is met ‘n lekker vleisbraai op die skool se speelterrein afgesluit.

KORFBAL
Met die verhuising na die nuwe skool, moes baie dinge in ‘n kort tydjie gebeur.
Gelukkig was dit moontlik om twee korfbalbane uit te lê en kon die drie st. 6-spanne, 3 junior spanne en die eerste span genoeg oefening kry voor die wedstryde begin.

JUKSKEI
Weens die polio in die somermaande, is die spel gekortwiek.
Die voorsetting van die jukskei seisoen in September het op ‘n hoë noot begin.
Ons dank aan Villieria-laerskool wat die grondslag vir hierdie eg Afrikaanse spel gelê het.

GIMNASTIEK
Gimnastiek kluboefening het een keer per week plaasgevind.
Die gimnaste het ook vertonings gegee waar die seuns meer op apparaatwerk kon konsentreer en die dogters met die nodige grasie die ritmiese bewegings en volksdanse uitgevoer het.

KADETTE
Oos-Moot se kadette is flink, netjies en ywerig.
Dis veral die orkes wat met rasse skrede vooruitgegaan het.




DIENSKLUB

'n Diensklub met seuns en dogters as lede is gedurende die tweede kwartaal gestig. Die doel van die klub was om behulpsaam te wees met die beplanning en uitleg van die skoolterrein en sportvelde.

'n Groot stuk gras is op die rugbyveld aangeplant en skoongehou.
Gate vir sierstruike, skaduweebome en roosbome is uitgemeet en gegrawe.
Omtrent tagtig rose is gedurende Augustus aangeplant.

VOLKSPELE

Met die verhuising na die nuwe gebou met die ruim saal is daar begin met algemene volkspele.
'n onder 14-groep was vir die kunswedstryd ingeskryf.

TENNIS

Die skool se eie tennisbane is in gebruik geneem.
Dit was duur en duursame bane, so geleë dat dit vir alle skoliere maklik bereikbaar was en deel gevorm het van die sportveld.
Met die hulp van skoliere is 'n tydelike tennishuisie by die baan opgerig.
Die ledetal by die tennis het so gegroei dat daar vyf onderwysers(esse) was wat met afrigting gehelp het.
Belgrave Tennisklub het twee nette aan ons skool geskenk.

KRIEKET

Op 15 Maart het die jong spannetjies geskiedenis gemaak toe hul die eerste wedstryd van die skool se bestaan gespeel het.
Die uitrustings was maar skraps en daar was nog nie 'n veld om op te oefen nie.
Meeste spelers was in st. 6 en 7.




ATLETIEK
Weens die gevaar van polio is daar nie 'n tussenspanse kompetisie in die eerste kwartaal gehou nie.
Die kompetisie het wel aan die einde van die derde kwartaal plaasgevind. Die spanne eindig soos volg:
Amptenare
Heemrade
Burgers




RUGBY
Mnr JA vd Walt (vise-hoof) het met sy "ossies" (seuns) en ploeg gras geplant op die voetbalveld.
Die eerste span het goed gevaar met veertien wedstryde waarvan hul ses gewen en een gelykop gespeel het.
Die gebrek aan velde het steeds 'n groot ongerief gebly en kon ons met moeite die sewe spanne genoeg oefening laat kry.

INTERESSANTHEDE:
Al die sportvelde was nog nie in bruikbare toestand nie, of te min vir die vinnig groeiende leerdertal en het ons geweldig gestrem om die bedrywighede tot hul reg te laat kom.